**Om deel te wees van die bekering in die 95 stellinge: die 500 jarige herdenking van die bekendstelling van die 95 stellinge.**

In 2017 sal dit 500 jaar gelede wees wat Martin Luther sy 95 stellinge teen die universiteit se kennisgewingbord, die deur van die kasteelkerk van Wittenberg, opgesit het, om sy mededosente aan die universiteit van Wittenberg in Duitsland tot ŉ oop gesprek op te roep.

Vir hierdie geleentheid het ek vir die leser sy 95 stellinge en ander belangrike dokumente uit Duits in Afrikaans vertaal.

Dit is deel van die Protestantse kerke se geestelikheid dat hulle hierdie geleentheid elkeen met ŉ eie spiritualiteit herdenk, sonder dat hulle hul lidmate ooit die geleentheid gee om die inhoud van hierdie stellinge self te lees.

Omdat hierdie stellinge na my wete ook nog nooit in Afrikaans vir die lidmate algemeen beskikbaar was nie, moes lidmate maar elke weergawe van elke geestelike oor hierdie gebeurtenis vat soos dit aan hulle voorgehou word.

Aan hierdie wanpraktyk moet ons ŉ einde maak. Dit is die bedoeling van hierdie vertaling wat u hiermee ontvang.

Seker die mees tragiese van Luther herdenkings in die Protestantse Kerke is dat hulle hierdie geleentheid herdenk terwyl hulle ŉ bekering verkondig wat presies net die tipe bekering is wat in die 95 stellinge as vals uitgewys word.

Dit is nie meer bekend dat Luther in hierdie stellinge nie eerstens die regverdigmaking deur die geloof aan die orde stel nie. Hy het hierdie geloofswaarheid in die loop van 1517 tot 1519 eers finaal gevind en verwoord.

Hierdie stellinge gaan oor die plek en die betekenis van die bekering in die lewe van ŉ gelowige.

Dit maak hierdie stellinge na 500 jaar nog net so aktueel as toe. Want die vervalsing van die geloof in Christus word vandag wêreldwyd gedoen deur die verkondiging van ŉ sekere soort bekering. Die tipe bekering wat die geloof verdring en vervang, net soos wat Luther dit in sy stellinge aantoon.

By die lees van die 95 stellinge moet u altyd onthou dat die woord “boete” en “” “boetedoening” in Luther se stellinge die woord is wat in tekste soos Matteus 3 vers 2 en Handelinge 2:28 in die Grieks met “bekering” weergegee word. In die Latynse Bybel is hierdie woord “bekering” vertaal gewees met “boete” of “boetedoening” om te pas by die biegpraktyk van die Rooms Katolieke Kerk.

In die eerste stelling van Luther verklaar hy dat bekering is iets anders as die boetedoening in die biegstelsel van die Rooms Katolieke Kerk en maak daarmee die Bybelse betekenis van bekering die hoofsaak van die 95 stellinge.

Die geestelikheid wat vandag die betekenis van die Bybelse bekering verdring en verwring, maar die stellinge en geskiedenis van die Reformasie soos dit met Luther

begin het as hulle eie vier, is die geestelikheid van dit wat ons “die Moderne Christelikheid” kan noem.

In die tyd van Luther en Calvyn was die moderne Christelikheid die spiritualiteit van mense soos Karlstadt gewees. Eers kollega van Luther aan die universiteit en meeloper, maar later vurige teenstander van Luther. Karlstadt was soos die res van die Anabaptistiese beweging deel van wat nou die sogenoemde “Radikale Reformasie” genoem word.

Hierdie geestelikheid het die doop van kinders verwerp ter wille van hulle nuwe geestelike eenheid met God.

Luther en Calvyn het in hulle eie tyd al daarop gewys dat hierdie tipe geestelikheid net in vorm anders as die Rooms Katolieke Kerk is, maar inhoudelik dieselfde is. Dit is ŉ natuurlike geestelikheid, nie Bybelse geloof en liefde nie.

Hierdie geestelikheid het langs die Reformasie gegroei en oor die laaste 500 jaar die spiritualiteit gevorm wat ons vandag die Moderne Christelikheid kan noem. In die plek van geloof in die Evangelie en liefde volgens God se wet, stel hierdie geestelikheid godservarings. Dit is in hierdie godservarings wat hulle die wese van die Rooms Katolieke geestelikheid oorgeneem het: eenheid met God in sy goddelikheid.

Die Moderne Christelikheid het hul self losgemaak van die vorm van die Rooms Katolieke Kerk met sy magspoging van een pous vir alle Christene en dit omvorm na ŉ geestelike mag waarin elke geestelike mens pous in sy eie reg kan word: Jesus vir ander op aarde.

Dit was die anargie toe en vandag nog in hierdie tipe geestelikheid: hulle wou die magsposisie van die pous en priesters die magsposisie van elke geestelike maak, elke mens wat met God se goddelikheid in homself identifiseer. Die Reformasie het teenoor hierdie veralgemening van die mag van priesters die amp van die Christen binne die geloof in Christus gestel.

Die Moderne Christelikheid het deur die afgelope 500 jaar drie godservarings ontwerp waarin hulle hul identiteit met God ervaar:

1. die identiteit met die persoon van God, wat hulle die eerste bekering noem.
2. die identiteit met God se krag, wat hulle vervulling met God se gees noem en
3. die identiteit van hul lewe en persoon met die heilsmiddele van God, wat hulle “getuienis” noem.

In die 95 stellinge word hierdie identiteit met God, wat die wese van die Moderne Christelikheid is, aangespreek en uitgewys as die kernprobleem met die Rooms Katoliek boetedoening- en aflaatbedryf. Die Rooms Katolieke het hulle biegpraktyk gelykgestel aan God se daad van vergifnis. Met hierdie gelykstelling van hulle dade in die biegpraktyk aan God se daad van vergifnis as God, kon hulle die hele godsbedryf van aflaatverkope aan die gang gesit.

In hierdie eerste kritiek op die betekenis van boetedoening in die 95 stellinge was Luther al besig met die ontdekking en verwoording van die Reformatoriese geloof: redding deur geloof alleen sonder enige boetedoening.

Die hoofsaak in die stellinge gaan egter oor bekering. In hierdie stellinge is Luther al reeds besig om dit wat vandag as “die eerste bekering waardeur jy gered word”, verkondig word, as vals uit te wys. In Luther se tyd was dit wat vandag “die eerste bekering” genoem word, boetedoening genoem. Luther is in die 95 stellinge besig om die woord bekering los te maak van biegpraktyk van sy tyd. Daarmee het Luther eintlik die woord bekering losgemaak van alle biegpraktyke vir alle tye.

Luther het wat boetedoening genoem was, só volgens die Bybel sy regte betekenis terug gegee, dat hy met die 95 stellinge in feite met die bieg en vergoeding in boetedoening gebreek het. In die 95 stellinge word nie net met die Rooms Katolieke vergifnis deur ŉ priester verbreek nie, maar ook met die vergifnis van sonde wat die Moderne Christelikheid vandag deur hulle “eerste bekering” verkondig.

Al die groot geloofsinhoude vir die ontdekking van die regverdigmaking deur geloof, sonder boetedoening, dit is sonder die bekering soos ons dit ken as daad van dankbaarheid, is reeds aanwesig en deels verwoord in die 95 stellinge. Dit ten spyte van Luther se misplaasde opvatting oor hoe hy namens die pous vir die pous in die bres probeer tree in hierdie stellinge.

Vir die viering van hierdie stellinge is dit nodig dat ons sal ontdek dat wat Luther hier as boetedoening kritiseer, vandag die eerste godservaring van bekering is en wat die Moderne Christelikheid verkondig as die manier waarop jy gered word.

In hierdie ontginning gaan ons met die eerste dokumente van Luther besig wees waarin hierdie ontdekking stuk vir stuk verwoord word.

1. Die 95 stellinge in Afrikaanse vertaal met gedeeltes van Luther se eie kommentaar op sy 95 stellinge saam met die verduideliking van die betekenis van die 95 stellinge deur Karin Bornkamm wat as voorwoord dien in die bundel waaruit ek die 95 stellinge vertaal het.

2. Luther se eie beskrywing van die geskiedenis van die aflaatstryd wat die voorwoord was tot die Wittenbergse uitgawe van sy Latynse geskrifte in 1945.

3. Die brief aan die hoof van sy priesterorde Staupitz gedateer Mei 1518.

4. Luther se brief aan pous Leo die Tiende in Mei 1518.

5. Luther se preek oor aflaat en God se genade in Mei 1518.

6. Luther se strydgeskrif teen Hans Worst in 1541 wat weer vir ons die geskiedenis van die aflaatstryd saamvat.

7. Die stellinge van Luther in die strydgesprek in Leipzig in 1519.